kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Vorm God ons of word ons deur mense en omstandighede gevorm?

Skriflesing: Jeremia 18:1-11 (1953)

[1] DIE woord wat van die HERE tot Jeremia gekom het:
[2] Maak jou klaar en gaan af na die huis van die pottebakker, en daar sal Ek jou my woorde laat hoor.
[3] Toe het ek afgegaan na die huis van die pottebakker, en hy was juis besig om ’n stuk werk op die skywe te maak.
[4] En die voorwerp wat hy besig was om te maak, het misluk — soos dit gaan met klei in die hand van die pottebakker — maar hy het daaruit weer ’n ander voorwerp gemaak soos dit in die oë van die pottebakker reg was om dit te maak.
[5] Toe het die woord van die HERE tot my gekom en gesê:
[6] Sal Ek nie soos hierdie pottebakker met julle kan maak nie, o huis van Israel? spreek die HERE. Kyk, soos klei in die hand van die pottebakker, so is julle in my hand, o huis van Israel!
[7] In een oomblik sal Ek spreek oor ’n nasie en oor ’n koninkryk om dit uit te ruk en om te gooi en te vernietig;
[8] maar as dié nasie waaroor Ek gespreek het, hulle bekeer van hul boosheid, sal Ek berou hê oor die onheil wat Ek van plan was om hulle aan te doen.
[9] En in ’n ander oomblik sal Ek spreek oor ’n nasie en oor ’n koninkryk om dit te bou en te plant;
[10] maar as hulle doen wat verkeerd is in my oë deur na my stem nie te luister nie, dan sal Ek berou hê oor die goeie waarmee Ek gesê het dat Ek aan hulle goed sal doen.
[11] Sê dan nou tog aan die manne van Juda en die inwoners van Jerusalem dit: So spreek die HERE: Kyk, Ek maak onheil gereed teen julle, en Ek dink ’n plan uit teen julle; bekeer julle tog, elkeen van sy verkeerde weg, en maak julle weë en julle handelinge goed.

Broodjies vir die Pad

Paul Ricouer believes that hyperbole and paradox are essential to the intent of biblical narratives. In various essays collected together in Figuring the Sacred, Ricoeur writes that the intent is to force the hearer/reader to become "dislocated in her or his life project." (p.59) They are meant to cause a crisis, to upset, to shatter preconceptions and presumptions. They are "destined to shake up ordinary thinking, as though it were necessary to bend a branch in another direction than the one it habitually takes." (pp 121-122) The intent is to make "the extraordinary break forth in the ordinary." Ricoeur surmises that "there is no [biblical] parable that does not introduce... some implausible characteristic, something insolent, disproportionate; that is, something scandalous." (p.229) But the intent is not complete at merely inciting shock and disorientation. "All discourse," Ricoeur writes, "including political and ethical speech, is touched by this demand for 'something more' that is hinted at in the saying and extravagant life of the parable, in the paradox and hyperbole of the proverb, and in the announcement that the kingdom of God is present." (p.61)

It is not honest to water-down the stark, absolute choices and their dire consequence in biblical narratives, such as those appointed for this Sunday. They are meant to jolt us out of our complacency. The fact that a few human beings have actually come close to fulfilling them means they are not to be dismissed as utterly impossible to attempt; (the church calls such people saints). But they are meant to dislodge you from whatever accommodations you have made with these choices and their consequences over the years and aspire to '"something more'...." It is a willingness to allow the "potter" to reshape the flawed earthenware into something more beautiful and more useful

http://sacraconversazione.blogspot.com/2010/08/proper-18-year-c.html

◆◆◆

Wat is de minst slechte zet in dit schaakspel?

Eildert Mulder

Kent de islam geen scheiding tussen politiek en godsdienst? Hoe komen ze erbij, vraagt de Syrische filosoof Georges Tarabishi zich af in een van zijn boeken. Hij verwijst naar de begintijd van de islam. Na de dood van Mohammed zou er een machtsstrijd zijn losgebarsten binnen de jonge moslimgemeenschap.

Van de eerste vier kaliefen, de leiders van de gemeenschap, stierven er drie door moordenaarshand. Later gingen ook nog veel van hun zonen eraan. Een van hen werd in een dichtgenaaide ezelshuid gestopt en verbrand. Het waren geen godsdienstoorlogen, de strijd ging enkel om macht. Zonder ook maar een greintje verfijnde religieuze ethiek stonden de tegenstanders elkaar naar het leven. Die 'begintijd' geldt voor veel moslims ondanks al die gruwelen als een verloren paradijs. Die eerste kaliefen kregen het vaste adjectief 'rechtgeleide' mee. Er mogen twijfels bestaan over de vraag hoe historisch dit verhaal is, voor de meeste moslims is het een realiteit en een onderdeel van hun geloof.

Conclusie van Tarabishi: op een politieke machtsstrijd heeft religieuze ethiek geen vat. Er ontstaat dan een hermetische scheiding tussen godsdienst en politiek. Dat is zelfs zo wanneer een van de partijen vecht onder het vaandel van de 'zuivere islam', want ook die partij hanteert in de strijd dezelfde 'spelregels' en methodes.

Ook nu nog is dat de realiteit in het Midden-Oosten, waarin ook de christelijke minderheden moeten opereren. Op dit ogenblik bevinden die zich in de situatie van een schaker,

die alleen nog de keus heeft tussen slechte of zeer slechte zetten.

Alle Midden-Oosterse kerkgenootschappen die verbonden zijn met Rome zijn tegen een Amerikaanse strafexpeditie tegen president Assad vanwege de gifgasaanval. Bij een Amerikaanse aanval, zo redeneren ze, krijgen de christenen meteen het levensgevaarlijke etiket 'kruisvaardersvriendjes' opgeplakt. De val van Assad zal een einde maken aan een bewind dat, hoe slecht ook, in elk geval seculier is. Mogelijk gaat Al-Kaida er met de buit vandoor. Verder kan het de Syrische christenen vergaan als hun geloofsgenoten in Irak, die massaal moesten vluchten in de jaren na de val van de dictator Saddam Hoessein in 2003.

Maar alle kaarten op Assad zetten is ook riskant. Stel dat Assad uiteindelijk verliest, welke wraak wacht de christenen dan? Wat is de minst slechte zet?

http://www.trouw.nl/tr/nl/13748/Eildert-Mulder/article/detail/3504514/2013/09/05/Wat-is-de-minst-slechte-zet-in-dit-schaakspel.dhtml

Brood vir die Pad

King se poësie begeester nog

Ferdi Greyling

In 1963 het die Amerikaanse burgerregteleier Martin Luther King een van die groot poëtiese toesprake van die vorige eeu gelewer.

Dit was die “I have a dream”-toespraak waarin die ideaal van nie-rassigheid helder vasgepen word – vir alle rasse.

Wit en swart kan vandag daarna luister en begeester word vir ons toekoms.

Die toespraak het verlede week sy halfeeuviering gehad en is wyd herdenk, maar ’n belangrike deel daarvan is nie genoeg genoem nie. Dit is dat daardie toespraak ’n seëviering van poësie is. Van hoe digkuns die wêreld kan inspireer om te verander.

Dis waarskynlik reg wat die Engelse digter W.H. Auden in sy aangrypende gedig oor die dood van die Ierse digter W.B. Yeats gesê het: “For poetry makes nothing happen: it survives in the valley of its making where executives would never want to tamper . . .”

Die digkuns self verander nie veel nie, maar dit gaan sit soms in mense se koppe en daardie mense kan dan dinge verander. Dis die mag van elegante woorde.

Taal en die uitdrukking van ons gedagtes in woorde lê diep in ons wese en dit konnekteer met wie en wat ons is en waar ons is. Soos die filosoof Johann Degenaar sê: Wanneer ons met dinge te doen kry wat nog buite die grense van die bekende is, val ons terug op poësie. (Dit was ’n opmerking van hom oor die name wat astrofisici gee aan verskynsels wat vir die eerste keer in die universum om ons waargeneem word.)

“Where executives would never want to tamper . . .”

Vandag leef ons in ’n wêreld waar die ontledingstaat regeer. ’n Wêreld wat neig om waarde aan die hand van geld (ingesamel in die volgende drie maande) toe te skryf.

Meer as 250 000 mense het in 1963 in Washington na King se toespraak gaan luister. Die ontledingstaat-generasie van vandag sal seker die bemarkingsgeleenthede sien in 250 000 mense wat vrywillig saamkom om na iemand te luister, maar in 1963 was dit poësie wat dinge verander het. Poësie wat vandag – 50 jaar later – nog net so helder gehoor word.

Die sleutel is die deel van King se toespraak wat as die “I have a dream . . .” -segment bekend is. Dit het 12 minute diep in die kort toespraak gebeur.

Clarence Jones, toe King se toespraakskrywer, het laas week daarvan vertel.

Die reëlings vir die optog het voorrang geniet en die aand voor die tyd het hy gou met King en ’n paar ander oor die toespraak gepraat. Almal se bydraes is verwoord in die toespraak wat King die volgende oggend gekry het. Dit was ook die toespraak wat die media gekry het.

Maar op die verhoog, later die dag, was daar ’n poëtiese oomblik.

Jones het gesê ’n ent in die toespraak in het King ’n oomblik stilgebly en toe hoor hy die sangeres Mahalia Jackson (op die verhoog) sê: “Tell them about your dream.”

King het opgekyk van die teks en Jones vertel hy kon sien King se liggaamshouding verander van toespraakleser na “Baptiste-prediker”.

“Ek het gedink die skare weet dit nie, maar hulle was op die punt om kerk toe te gaan . . .”

Toe volg King se “I have a dream” – ’n onbeplande improvisasie. Dis ’n visie wat King glo al voorheen in toesprake gebruik het, maar dié dag het dit ’n poëtiese hoogtepunt gekry wat vandag nog inspireer, soos groot poësie die gewoonte het om te doen. Op videoweergawes (op www.youtube.com) van die toespraak kan gesien word hy kyk deurentyd op en nie na die voorbereide toespraak nie.

King is daarna vermoor, maar verlede week het ’n swart Amerikaanse president op dieselfde plek hulde aan daardie toespraak gebring. ’n Toespraak wat my weer hier in Suid-Afrika geïnspireer het oor ons eie droom van nie-rassigheid wat vandag soms so liederlik afgeskeep word.

http://www.beeld.com/opinie/2013-09-02-rubriek-king-se-posie-begeester-nog

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877